

## VOORWOORD

*Pax vobiscum !*

Die *Tydskrif vir Regswetenskap (TRW)* het vyf en twintig jaar gelede sy buiging op die Suid-Afrikaanse regstoneel gemaak. Tans vorm dit deel van die voorste geleedere van geakkrediteerde Suid-Afrikaanse regswetenskaplike tydskrifte. Hierdie Jubileum-uitgawe verskaf die geleentheid om kortliks die etlike fasette van die ontwikkelingsgang van die *TRW* oor die tydperk in herinnering te roep.

As determinant van die lotgevalle van 'n tydskrif, is die belang van die redaksie kwalik te oorskakel. Gedurende die eerste kwarteeu van die *TRW* was daar maar twee redakteurs wat vir lang aaneenlopende tydperke in die saal was, naamlik Prof D C du Toit (1976-1993) en Prof H A Strydom (1994 tot datum). Proff J J Henning (1991 en 1997) en T Verschoor (1993) het by geleentheid waargeneem as redakteurs. Die mede-redakteurs gedurende die tydperk was Proff J J Henning (1982 tot datum), J Y Claasen (1982-1987), J L Snyman (1988-1990), G H Fick (1989 tot datum), H A Strydom (1989-1992), J H van Schalkwyk (1990-1999), A W G Raath (1993 tot datum), H Oosthuizen (1993 tot datum), E Snyman (1999 tot datum) en M C J Bobbert (1999 tot datum).

Een van die mees veeleisende en ondankbare take is die van bestuurder wat veral vanweë die toenemende beklemtoning van navorsingsuitsette dikwels moet toesien hoe talle ure van sy werksweek verslind word deur administratiewe verantwoordelikhede en sleurwerk. Proff D W Morkel (1977-1981 en 1990-1993) T Verschoor (1982-1988) en H A Strydom (1989-1990) het voorheen die amp beklee terwyl Mnr N J B Claassen (1993-1996 en 1998 tot datum) reeds vir baie jare hierdie funksie nougeset vervul.

Gedurende die aanvangsjare van die *TRW* was daar ook gebruik gemaak van die volgende "Redaksielede": J Y Claasen (1977-1981), P C Smit (1977-1978), C Cilliers (1978-1981); "Redaktors": V Boshoff (1985), E Pienaar (1985-1986), T P van Reenen (1986-1987); "Medewerkende Redakteurs": J M T Labuschagne (1989), L M du Plessis (1989), H F Mellet (1989-1996); en "Assistente" N du Toit (1978-1981), A S van den Berg (1981-1984) en B S Smith (2001 tot datum).

As lede van die Redaksionele Adviesraad, daargestel in 1988, het die volgende persone gedien: H J O van Heerden, P J J Olivier, M C J Bobbert, P E J Brooks, H J Delport, L M du Plessis, P W du Plessis, C F Eckard, H J Erasmus, J M T Labuschagne, D S Konyana, S J McQuoid-Mason, S J Naude, P C Smit, C R Snyman, N J C van den Berg, J D van der Vyver, J C van der Walt, S I E van Tonder, D H van Zyl en N J J Olivier.

Vanselfsprekend word die statuus van 'n wetenskaplike publikasie in die finale analise bepaal nie bloot deur die samestelling van sy redaksie nie, maar primêr deur die gehalte van sy inhoud. Gedurende die tydperk is

minstens vyftig volumes gepubliseer wat in totaal ver oor die twee honderd vollengte regs wetenskaplike artikels en minstens dieselfde aantal kronieke bevat het. Die gehalte en regs wetenskaplike impak hiervan blyk onder meer uit die talle verwysings na hierdie publikasies in uitsprake van die Hoë Hof en in handboeke en ander regs wetenskaplike werke. Die opregte dank en waardering van die redaksie en die Fakulteit Regsgeleerheid word hiermee oorgedra aan elke outeur wat bygedra het tot hierdie verdienstelike inisiatief, waarsonder die regs wetenskap in Suid-Afrika veel armer daaraan toe sou gewees het.

Dit is gepas om in 'n voorwoord van hierdie aard die samestelling van die heel eerste uitgawe van die *TRW* in herinnering te roep: M C J Bobbert Grondlyne van strategiese boedelbeplanning, P C Smit *Exitus in tabula*. Die narkotiseur en die reg, D C du Toit Die *aequitas* en regulatiewe regs beginsels, D W Morkel, Brandstofbesparing en die grense van die strafreg, J M T Labuschagne, Die Bantoehowe, vandag en môre, P B Geldenhuys Lesotho. Aantekeninge oor 'n demokrasie wat was, J N R van Rhyn Die Republiek en die Mandaat van Suidwes-Afrika en W J Herbst Oor die opstel van regs dokumente.

In die Julie 1987-uitgawe van die *TRW* is die instelling van die Moritz Bobbert Prysartikel (in April 1997 hernoem tot die Moritz Bobbert Prestige Navorsingsartikel) aangekondig, vernoem na die skenker, prof Moritz Bobbert, toe 'n prokureur van Bloemfontein en tans 'n buitengewone professor aan die Fakulteit Regsgeleerdheid. Dit word toegeken aan 'n juris, wat reeds bewys gelewer het van voortreflike regsnavorsing, vir 'n buitengewone hoogstaande navorsingsartikel. Die prys is vir die eerste keer in 1987 aan professor Ellison Kahn van die Universiteit van die Witwatersrand toegeken gedurende 'n skemerkelkonthaal in Johannesburg waartydens die Rektor van die Universiteit van die Vrystaat die prys aan hom oorhandig het. Professor Khan se artikel Reform of the law of domicile: time for some history verskyn in 1987 *TRW* 12(2): 113-123. Sederdien is die prys aan die volgende wenners vir die volgende navorsingsartikels toegeken:

1990: Gesamentlik aan prof J J Henning en prof G H Fick, beide van die Fakulteit Regsgeleerdheid van die Universiteit van die Vrystaat. Prof Henning se artikel is getiteld "Die belang van die *misarum*- en analoë maatreëls vir die moratoriumreg. Enkele regshistoriese perspektiewe" in 1990 *TRW* 15(1): 1-25 en die van prof Fick "Pensioenberekening tussen gades met egskeiding" in 1990 *TRW* 15(1): 57-106;

1994: Prof D J Joubert, Dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid, Universiteit van Pretoria. Sy artikel is getiteld "Regstellende aksie by indiensneming" in 1994 *TRW* 19(1 en 2): 1-42;

1996: Regter D H van Zyl, 'n Regter van die Hooggeregshof van Suid-Afrika (Kaap Provinsiale Afdeling) en buitengewone professor in Regte, Universiteit van die Vrystaat. Sy artikel is getiteld "Unjustified enrichment and restitution: an awakening giant creates confusion" in 1996 *TRW* 21(2): 1-35;

1997: Prof J C Sonnekus van die Departement Privaatreg, Fakulteit Regsgeleerdheid van die Randse Afrikaanse Universiteit. Sy artikel is getiteld "Enkele huweliksgoederegterlike probleme by amoreuse syspronge met vreemde koppeling" in 1997 TRW 22(2): 1-27;

1998: Prof G Erasmus, H F Oppenheimer, professor in Menseregte, Fakulteit Regsgeleerdheid, Universiteit van Stellenbosch. Sy artikel is getiteld "South African citizenship in a constitutional context" in 1998 TRW 23(2): 1-19; en

1999: Prof J D van der Vyver, professor in Internasionale Reg en Menseregte, Emory Universiteit, Atlanta. Sy artikel is getiteld "Truth commissions, state sovereignty and an emerging international criminal justice system for the new millennium" in 1999 TRW 24(2): 5-23.

In 1996 word aangekondig dat die Vereniging van Moritz Bobbert Penninghouers onder voorsitterskap van professor J J Henning besluit het om jaarliks 'n geldbedrag van R250-00 beskikbaar te stel aan die outeur(s) van die beste eersteling vollengtebydrae in 'n betrokke jaar. Die prys is reeds aan die volgende outeurs vir die volgende artikels toegeken:

1997: Prof D A Louw en Dr A Allen vir hul artikel "Ethical guidelines for psychologists who render psychological services" in 1997 TRW 22(2): 141-149;

1998: Me E Palser vir haar artikel "An evaluation of the position of potentially polygamous marriages in a democratic South Africa" in 1998 TRW 23(2): 84-98;

1999: Prof L Stander, Departement Handelsreg, Fakulteit Regsgeleerdheid, PU vir CHO vir haar artikel "Hoe veilig is bates in 'n trust in geval van die sekwestrasie van die boedel van een van die betrokke partye?" in 1999 TRW 24(2) 145-170;

2000: Prof B A K Rider, Direkteur van die Institute of Advanced Legal Studies, Londen, vir sy artikel "The limits of the law: An analysis of the inter-relationship of the criminal and civil law in the control of money laundering" in 2000 TRW 25(2): 1-26; en

2001: Prof E Suy, Emeritus Professor, Katolieke Universiteit van Leuven, vir sy artikel "Some unfinished new thoughts on unilateral acts of states as a source of international law" in 2001 TRW 26(3):1-11.

Volgens die inligting op die binneblad van die eerste uitgawe van die TRW word dit gewy aan die publikasie van oorspronklike navorsing en oorsigartikels in die regs wetenskap en regspraktik. Die bestek is die ganse spektrum van regs wetenskaplike navorsing en praktik: Dit verwelkom veral publikasies oor onontginde of nuwe navorsingsvelde in die regsgeleerdheid en interdisiplinere studies. 'n Besondere kenmerk van die TRW is dat probeer word om in elke nommer twee of meer prestige-artikels te plaas wat van spesiale belang is vir die prokureurspraktik. Die Redaksie was toe van mening dat daar 'n besondere behoefte is aan 'n publikasie-medium vir langer artikels van hierdie aard, om sodoende 'n diens te lewer aan die Prokuraat.

Onderwerpe soos aktebesorging, boedelberedding, belastingreg, gedingvoering en kantooradministrasie is aan die orde gestel. Die beleid is om werk van hoë kwaliteit te publiseer afgesien van die skool van denke waaruit dit spruit.

Presently the *Journal for Juridical Science* describes itself as an accredited national professional journal which publishes original research articles in law in Afrikaans and English. Multi- and interdisciplinary contributions which bridge the gap between legal scholarship and other pertinent academic disciplines, are welcomed. The Journal prefers articles which reflect basic legal research, but does not restrict itself to basic research. All published contributions are submitted for refereeing by peers and successful articles qualify for subsidy by the Department of National Education.

Long may it prosper!

*Saluto vos amice!*

Prof Johan Henning

Dekaan/Dean

2001